

IMMIGRANTE (B)

Graad 3



A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. As Afrikanerkind, bewus te maak van sy herkoms en sy volk se verlede.
2. 'n Gevoel van volkstrots te laat ontwikkel.
3. Aan te moedig om sy eie herkoms te ondersoek.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kennis dra van die drie groepe immigrante wat na Suid-Afrika gekom het:
 - Wanneer hulle aangekom het
 - Plek waar hulle hul gevestig het
 - Bydrae wat hulle tot die land gelewer het.
2. Een van die drie immigrante-groepe kies om meer van te leer.
 - Franse Hugenote
 - Britse Setlaars
 - Duitse Setlaars
3. Die groep van sy keuse, se landsvlag in die korrekte kleure, op 'n A4-papier verf.
4. Die volgende inligting oor die groep van sy keuse, bekom en dit op 'n kaart van Suid-Afrika aandui.
 - Die tyd van aankoms.
 - Plek waar hulle aan wal gegaan het.
 - Die rede waarom hulle gekom het.
 - Die vervoer (boot / bote) waarmee hulle gekom het.
 - Stel vas waar hulle hul gevestig het en waarom juis daar.
5. Prente versamel van hulle huise, kleredrag, gebruiksartikels en sosiale gebruike en dit op die vlag plak.
6. Vasstel wat het die groep van jou keuse, vir ons land, Suid-Afrika, beteken.
7. Minstens vyf vanne neerskryf van afstammeling van daardie immigrante wat vandag nog hier woon.
8. Moet vasstel of sy van (familienaam) uit hierdie groepe kom.
9. Kennis maak met minstens een monument wat vir die groep van sy keuse opgerig is. Plak die prent van die monument ook op die vlag.
10. Moet 'n tradisionele gereg van sy gekose groep geniet.

C AABIEDING

1. Opdrag duidelik.
2. Maak seker dat die kinders weet wat is die verskil tussen immigrante, setlaars en Hugenote. Leer sommer die kind om naslaanboeke soos die HAT te gebruik.
3. Laat die kinders elkeen 'n A4-grootte vlag van die groep van keuse in die korrekte kleure, verf. Al die inligting en prente wat hulle versamel, word dan op die vlag geskryf en geplak.
4. Maak seker die kind verstaan die kaart. Vul die besonderhede op die kaart in en plak die kaart agter op die vlag.

5. Voer 'n gesprek oor die prente wat versamel is. Dit kan ook pret wees om aan te trek en te kuier soos in daardie tyd.
6. Stel dit eenvoudig. Byvoorbeeld: Die Franse Hugenote het ons wingerdboerdery geleer. Die Britse Setlaars het ons van wolboerdery geleer. Die Duitse Setlaars het ons fyn vakmanskap geleer.
7. Maak 'n lysie van die vanne uit die groep wat gekies is en skryf dit ook op die vlag.
8. Maak 'n plakkaat met hofies soos Nederlands, Engels, Frans, Duits, Ander. Laat die kind by die ouer uitvind oor sy familie se herkoms. Hulle sal dit geniet om te sien waar elkeen inpas.
9. 'n Besoek is eerste prys maar anders kan duidelike prente en foto's gebruik word. Gee die simboliek van die monument en die plek waar die monument opgerig is.
10. Opdrag duidelik.